Etiket vir WS-passtuk se modelnommer en reeksnommer is onderaan die WS-passtuk.

## Veiligheidsinligting

### WAARSKUWING

Moenie batterye bloot stel aan oormatige hitte soos sonskyn, brand of iets dergeliks nie.

### Plasing/opstelling

Plaas en gebruik die TV-stel volgens die instruksies hieronder om risiko van brand, elektriese skok of skade en/of beserings te vermy.

#### Plasing

- Die TV-stel moet naby 'n maklik toeganklike muurprop (WS) geplaas word.
- Plaas die TV-stel op 'n stabiele, gelyk oppervlak om te verhoed dat dit afval en liggaamlike beserings of skade aan die TV veroorsaak.
- Net gekwalifiseerde dienspersoneel behoort muurplasing te doen.
- Om veiligheidsredes word daar sterk aanbeveel dat jy Sony-bykomstighede gebruik, insluitend:
  - Muur-monteerraam
- Gebruik net die skroewe wat met die muurhegstuk verskaf is, wanneer jy die heghake (stander) aan die TV-stel heg. Die verskafde skroewe is ontwerp soos deur illustrasie aangedui, wanneer gemeet vanaf die aangehegde oppervlak van die hanghaak (stander).


Die deursnee en lengte van die skroewe verskil afhangende van die muurhegstuk-model.

As jy ander skroewe gebruik as dié wat verskaf is, kan dit lei tot interne skade aan die TV-stel, of dit laat val, ens.



### Vervoer

- Ontkoppel alle kables voordat jy die TV-stel vervoer.
- Twee of meer mense is nodig om 'n groot TV-stel te vervoer.
- Wanneer jy die TV-stel per hand vervoer, hou dit vas soos hieronder aangedui. Moenie drukking op die LCD-paneel en die raam rondom die skerm plaas nie.



- Wanneer jy die TV-stel vervoer, moenie dit blootstel aan fisiese skokke of oormatige vibrasie nie.
- Wanneer jy die TV-stel vir herstelwerk vervoer, of wanneer jy verhuis, verpak dit in die oorspronklike karton en verpakkingsmateriaal.


### Omvalvoorkoming

- Voordat jy die masjienskroef installeer, plaas die TV met die skerm na onder op 'n stabiele werksoppervlak wat groter as die TV is.
- Om te voorkom dat die oppervlak van die LCD-skerm beskadig word, maak seker dat jy 'n sagte doek op die werksoppervlak plaas.

### Ventilasie


- Moet nooit die ventilasiegate bedek of enige iets by die kabinet insteek nie.
- Laat ruimte rondom die TV toe, soos hieronder getoon.
- Daar word sterk aanbeveel dat jy 'n Sony-muur-monteerraam gebruik, om voldoende lug sirkulasie te verseker.

### Geplaas aan die muur



Laat ten minste soveel ruimte rondom die stel toe.


### Geplaas met staander



Laat ten minste soveel ruimte rondom die stel toe.

- Om behoorlike ventilasie te verseker, en te verhoed dat vuiligheid of stof versamel:
  - Moenie die TV-stel plat, onderstebo, agterstevoor of sylings plaas nie.
  - Moenie die TV-stel op 'n rak, mat, bed of in 'n kas plaas nie.
  - Moenie die TV-stel met 'n doek (soos gordyne) of items soos koarante ens. bedek nie.
  - Moenie die TV-stel plaas soos hieronder getoon nie.

Lugsirkulasie is geblokkeer.



### Kragkabel (WS)

- Hanteer die kragkabel (WS) en kragpunt as volg om risiko van brand, elektriese skok of skade en/of beserings te vermy:
- Die vorm van die muurprop (WS), wat saam met die TV-stel kom, hang af van die streek. Maak seker die korrekte muurpropkabel (WS) met die prop wat in die muurpropsok (WS) pas, is voorsien.
  - Gebruik net kragkabel (WS) wat Sony verskaf, en nie dié van ander handelsmerke nie.
  - Steek die prop ten volle by die muursok (WS) in.
  - Gebruik die TV-stel net met 110–240 V-muurkrag (WS).
  - Wanneer jy kables aaniê, maak seker jy onthou die kragkabel (WS) (vir jou veiligheid), en moenie dat jou voete oor die kables struikel nie.
  - Ontkoppel die kragkabel (WS) van die muursok (WS) voordat jy aan die TV-stel werk of dit skuif.
  - Hou die kragkabel (WS) weg van hittebronne.

- Ontkoppel die muurprop (WS) gereeld en maak dit skoon. As die prop vol stof is en dit trek vog, is die insulasie dalk besig om te vergaan, wat moontlik kan lei tot 'n brand.


### Let wel

- Moenie die verskafde kragkabel (WS) vir enige ander toerusting gebruik nie.
- Moenie die kragkabel (WS) oormatig knyp, buig of draai nie. Die kerngeleiers kan moontlik blootgestel word of breek.
- Moenie die kragkabel (WS) verander nie.
- Moenie enige iets swaars op die kragkabel (WS) sit nie.
- Moenie aan die kragkabel (WS) self trek wanneer jy die kragkabel (WS) van die muur ontkoppel nie.
- Moenie te veel toestelle aan dieselfde muursok (WS) koppel nie.
- Moenie 'n swak passende muursok (WS) gebruik nie.

## LET OP OOR WS-PASSTUK

### Waarskuwing

- Om die risiko van brand of elektriese skok te verminder, moenie hierdie apparaat blootstel aan reën of vog nie.
- Om brand- of skokgevaar te voorkom, moenie voorwerpe soos vase wat gevul is met vloeistowwe op die apparaat plaas nie. Moenie hierdie toerusting in 'n beperkte ruimte soos 'n boekrak of 'n soortgelyke eenheid plaas nie.
- Maak asseblief seker dat die muursok (WS) naby die toerusting geplaas is en maklik bereikbaar is.
  - Gebruik die verskafde WS-passtuk en WS-muurkragkabels. Anders kan dit wanfunksie veroorsaak.
  - Koppel die WS-passtuk aan 'n maklik bereikbare muursok (WS).
  - Moenie die kragkabel (WS) rondom die WS-passtuk draai nie. Die kerndraad kan dalk gesny word en/of dit kan wanfunksie van die TV veroorsaak.
  - Moenie aan die WS-passtuk raak met nat hande nie.
  - As jy 'n abnormaliteit in die WS-passtuk opmerk, ontkoppel dit onmiddellik van die muursok (WS).
  - Die stel word nie van die WS-bron ontkoppel nie, mits dit gekoppel bly aan die muursok (WS), selfs al word die stel self afgeskakel.
  - Aangesien die WS-passtuk warm sal raak wanneer dit vir 'n lang tyd gebruik word, kan dit dalk warm voel wanneer jy dit met jou hand aanraak.



### Verbode gebruik

Moenie die TV-stel plaas/gebruik op plekke of in omgewings of situasies soos dié wat hieronder gelys word nie, want dit kan moontlik maak dat die TV-stel wanfunksioneer, en kan 'n brand, elektriese skok, skade en/of beserings veroorsaak.

### Ligging:

- In die buitlug (in direkte sonlig), op die strand, op 'n skip of 'n ander vaartuig, binne-in 'n voertuig, in mediese instellings, onstabiele ligging, naby water, reën, water of rook.
  - As die TV in die kleedkamer van 'n openbare bad of 'n warmbron geplaas word, kan die TV beskadig word deur swaël in die lug, ens.
- Vir die beste beeldgehalte, moenie die skerm aan direkte beligting of sonlig blootstel nie.
- Moenie die TV van 'n koue omgewing na 'n warm omgewing skuif nie. Skielike kamertemperatuur-veranderinge kan moontlik vogkonsentrasie veroorsaak. Dit kan moontlik veroorsaak dat die TV swak beeld en/of swak kleur wys. Indien dit sou plaasvind, laat die vog te oom volledig te verdamp voordat jy weer die TV aanskakel.



## Omgewing:

- Plekke wat warm, vogtig of oormatig stowwerig is, waar insekte kan inkom, waar dit blootgestel kan word aan meganiese vibrasies, naby ontvlambare voorwerpe (kerse, ens.). Die TV-stel moenie blootgestel word aan gedrup of gespat nie, en geen voorwerpe wat met vloeistowwe gevul is, soos vase, mag op die TV geplaas word nie.
- Moenie die TV in 'n vogtige of stowwerige ruimte plaas, of in 'n kamer met olierige rook of stoom (naby kooktafels of bevoigtigers) nie. Brand, elektriese skok, of buiging kan moontlik ontstaan.
- Moenie die TV plaas op plekke met uitermatige temperature, soos in direkte sonlig, naby 'n verwarmers of 'n verwarmingsgleuf nie. Die TV kan moontlik in sulke gevalle oorverhit, wat vervorming van die omhulsel en/of TV-wanfunksie kan veroorsaak.



## Situasie:

- Moenie gebruik terwyl jou hande nat is, as die kabinet afgehaal is, of met aanhegels wat nie deur die vervaardiger aanbeveel word nie. Ontkoppel die TV-stel van die muursok (WS) en antenna tydens donderstorms.
- Moenie die TV plaas sodat dit in 'n oop ruimte uitsteek nie. Besering of skade as gevolg van iemand of iets wat teen die TV stamp, kan dan plaasvind.



## Gebreekte stukke:

- Moenie enige iets van die TV-stel gooi nie. Die skerm se glas kan deur die impak breek, en kan ernstige beserings veroorsaak.
- As die oppervlak van die TV-stel kraak, moenie daaraan raak voor jy dit van die kragkabel (WS) ontkoppel het nie. Anders kan elektriese skok dalk plaasvind.

## Wanneer nie in gebruik nie

- As jy vir etlike dae lank die TV-stel nie gaan gebruik nie, moet die TV-stel van die kragpunt (WS) ontkoppel word, vir omgewings- en veiligheidsredes.
- Aangesien die TV-stel nie van die kragpunt (WS) ontkoppel is wanneer die TV-stel bloot afgeskakel word nie, trek die prop uit die muursok (WS) om die TV-stel heeltemal af te skakel.
- Sekere TV-stelle kan egter kenmerke hê wat vereis dat die TV-stel in bystandsmodus gelaat moet word om korrek te werk.

## Vir kinders

- Moenie toelaat dat kinders op die TV-stel klim nie.
- Hou klein bykomstighede buite bereik van kinders, sodat hulle dit nie insluk nie.

## As die volgende probleme plaasvind...

**Skakel af** die TV-stel en ontpop die kragkabel (WS) onmiddellik as enige van die volgende probleme plaasvind. Vra jou handelaar of Sony-versiensentrum dat daarna gekyk word deur gekwalifiseerde dienspersoneel.

### Wanneer:

- Kragkabel (WS) beskadig is.
- Muursok (WS) nie behoorlik pas nie.
- TV-stel beskadig is omdat dit laat val of gestamp is, of omdat iets daarna gegooi is.
- Enige vloeistof of voorwerp deur die openinge in die kabinet val.

## Oor LCD-monitortemperatuur

Wanneer die LCD-monitor vir 'n lang tyd gebruik word, word die omgewing daar rondom warm. Dit kan moontlik warm voel as jy dit met die hand aanraak.

## MUUR-MONTEERRAAM

Die onderstaande inligting toon die korrekte hantering van die Muur-monteerraam. Lees hierdie inligting deeglik en gebruik die Muur-monteerraam korrek.



### Aan klante:

- Neem die volgende voorsorgmaatreëls in ag vir veiligheid, om ernstige besering te verhoed weens brand, elektriese skok, dat die produk omval, of dat die produk val.
- Subkontraakteer die plasing aan gelisensieerde kontraakteurs, en hou klein kinders weg tydens die plasing.
  - Subkontraakteer die verhuising of aftakeling van die TV aan gelisensieerde kontraakteurs.
  - Moenie skroewe, ens ná plasing van die TV verwyder nie.
  - Moenie veranderings aan die dele van die Muur-monteerraam aanbring nie.
  - Moenie enige toerusting buite die gespesifiseerde produk aanhang nie.
  - Moenie enige ander vraag as die TV aan die Muur-monteerraam laat hang nie.
  - Moenie op die TV leun of van hang nie.
  - Moenie die TV hanteer met oormatige krag tydens skoonmaak of onderhoud nie.

### Aan Sony-handelaars en -kontraakteurs:

Die volgende instruksies is slegs vir Sony-handelaars en gelisensieerde kontraakteurs. Lees die veiligheidsvoorsorgmaatreëls hier onder en skenk spesiale aandag aan veiligheid tydens die plasing, instandhouding en kontroliering van hierdie produk.

- Wanneer jy die TV hanteer of aanhang, hou dit aan die kante vas. Moenie die TV oplig aan die staander nie.



- Moenie die Muur-monteerraam aan muuropervlakke plaas waar die hoeke of kante van die TV weg van die muur af staan nie.
- Moenie die TV oor of onder 'n lugversorger plaas nie.



- Plaas die Muur-monteerraam stewig aan die muur en volg die instruksies in hierdie instruksiehandleiding. Indien enige van die skroewe los is of uitval, kan die Muur-monteerraam dalk val en besering of skade aan eiendom veroorsaak.
- Gebruik die verskafde skroewe en aanhegonderdele behoort, en volg die instruksies in hierdie instruksiehandleiding. Indien jy ander items gebruik, kan die TV dalk val en liggaamlike besering aan iemand of skade aan die TV veroorsaak.
- Monteer die haak behoorlik, en volg die instruksie-prosedure wat dit verduidelik, in hierdie instruksiehandleiding.
- Maak die skroewe stewig in die aangewese posisie vas.





- Moenie die TV onderwerp aan skok tydens die plasing nie.
- Plaas die TV aan 'n muur wat regaf en plat is.
- Nā behoorlike plasing van die TV, maak die kables behoorlik vas.
- Moenie dat die kragkabel (WS) of die verbindingskabel geknyp word nie, want die interne geleiers kan blootgestel word en 'n kortsluiting of 'n elektriese verbreking veroorsaak.



## Voorsorgmaatreëls

### TV-kyk

- Sekere mense kan moontlik ongemak ervaar (soos oogmoegheid, vermoeidheid of naarheid) terwyl hulle 3D-videobeelde kyk of stereoskopiese 3D-speletjies speel. Sony beveel aan dat alle kykers gereeld rus wanneer hulle 3D-videobeelde kyk of stereoskopiese 3D-speletjies speel. Hoe lank en hoe gereeld gerus moet word, wissel van persoon tot persoon. Jy moet besluit wat vir jou die beste werk. As jy enige ongemak ervaar, moet jy ophou om 3D-videobeelde te kyk of stereoskopiese 3D-speletjies te speel totdat die ongemak ophou. Raadpleeg 'n dokter as jy dink dis nodig. Lees ook (i) die instruksiehandleiding van enige ander toestel of media wat jy saam met hierdie televisie gebruik en (ii) ons webwerf (<http://www.sony-asia.com/support>) vir die jongste inligting. Jong kinders se oë (veral dié van jonger as ses jaar oud) is nog besig om te ontwikkel. Raadpleeg jou dokter (soos 'n kinderarts of oogarts) voordat jy jong kinders toelaat om 3D-videobeelde te kyk of stereoskopiese 3D-speletjies te speel. Volwasse nes moet oor jong kinders toesig hou om te verseker dat hulle bogenoemde aanbevelings volg.
- Moenie 3D-bril of battery gebruik, bewaar of laat naby 'n vuur of op plekke met 'n hoë temperatuur soos direkte sonlig of in sonverhitte motors nie.
- Wanneer jy die gesimuleerde 3D-funksie gebruik, let op dat die vertoonde beeld anders is as die oorspronklike beeld weens omskakeling deur hierdie televisie.
- Kyk TV in gematigde lig, want as jy TV kyk in 'n swak lig of vir 'n lang tydperk, strem dit jou oë.
- Wanneer jy oorfone gebruik, verstel die volume om buitensporige vlakke te vermy, want dit kan moontlik lei tot gehoorskade.

### LCD-skerm

- Hoewel die LCD-skerm gemaak is met hoëpresisie-tegnologie en 99,99% of meer van die piksels effektief is, kan moontlik swart stippels verskyn of helder punte lig (rooi, blou, of groen) kan moontlik voortdurend op die LCD-skerm verskyn. Dit is 'n strukturele eienskap van die LCD-skerm en is nie 'n wanfunksie nie.
- Moenie die voorste filter druk of voorwerpe bo-op hierdie TV-stel plaas nie. Die beeld kan moontlik ongelyk wees of die LCD-skerm kan moontlik beskadig word.
- As hierdie TV-stel in 'n koue plek gebruik word, kan 'n smeer moontlik in die beeld verskyn, of die beeld kan moontlik donker word. Dit dui nie op faling nie. Die verskynsel verdwyn wanneer die temperatuur styg.
- Spookbeelde kan moontlik plaasvind wanneer stil beelde voortdurend gewys word. Dit kan moontlik na 'n paar oomblikke verdwyn.
- Die skerm en kabinet word warm wanneer hierdie TV-stel in gebruik is. Dit is nie 'n wanfunksie nie.
- Die LCD-skerm bevat 'n klein hoeveelheid vloeibare kristal. Volg jou plaaslike verordeninge en regulasies as jy dit moet weggooi.

## Hanteer die skerm se oppervlak/kabinet van die TV-stel en maak dit skoon

Maak seker jy ontpop die kragkabel (WS) wat van die muursok (WS) na die TV-stel gekoppel is, voor jy dit skoonmaak. Om wesenlike agteruitgang of agteruitgang van die skermbedekking te vermy, volg die volgende voorsorgmaatreëls.

- Om stof van die skerm se oppervlak/kabinet te verwyder, vee liggies met 'n sagte doek. As die stof hardnekkig is, vee met 'n sagte doek af wat effens klam gemaak is met 'n verdunde milde oplossing van skoonmaakmiddel.
- Moenie water of skoonmaakmiddel direk op die TV-stel spuit nie. Dit kan moontlik na die onderkant van die skerm of eksterne dele drup, en by die TV-stel ingaan, en kan moontlik die TV-stel beskadig.



- Moet nooit enige soort skuursponsie, alkaliese/suur-schoonmaakmiddel, skuurpoer, of vlugtige oplosmiddel soos alkohol, benseen, verdunner of insekdoder gebruik nie. Om sulke stowwe te gebruik of as die stowwe langdurig kontak het met rubber of vinil, kan dit lei tot skade van die skerm se oppervlak en die kabinetmateriaal.
- Daar word aanbeveel dat jy die ventilasiegate nou en dan stofsuig om behoorlike ventilasie te verseker.
- Wanneer jy die hoek van die TV-stel verstel, beweeg dit stadig om te verhoed dat die TV-stel van die tafelstaander afval of afgly.

### Opsionele toerusting

Hou opsionele komponente of enige toerusting wat elektromagnetiese straling afgee, weg van die TV-stel. Anders kan beeldvervorming en/of ruisende klank moontlik plaasvind.

### Draadlose funksie van die eenheid

- Moenie hierdie eenheid naby mediese toerusting (pasaangeër, ens.) gebruik nie, want dit kan lei tot wanfunksionering van die mediese toerusting.
- Hoewel hierdie eenheid geënkripteerde seine stuur/ontvang, moet jy oppas vir ongemagtigde onderskepping. Ons kan nie verantwoordelik gehou word vir sulke probleme nie.

### Waarskuwing oor die afstandbeheer


- Plaas die battery met hul pole in die korrekte rigtings in.
- Moenie verskillende soorte battery saam gebruik of ou en nuwe battery meng nie.
- Gooi battery weg op 'n omgewingsvriendelike manier. Sekere streke het moontlik regulasies oor die weggooi van battery. Raadpleeg jou plaaslike owerheid.
- Hanteer die afstandbeheer versigtig. Moenie dit laat val of daarop gaan staan, of enige vloeistof daarop mors nie.
- Moenie die afstandbeheer naby 'n hittebron, 'n plek met direkte sonlig, of in 'n klam kamer plaas nie.

### MUUR-MONTEERRAAM


- As jy die TV, wat aan die muurhegstuk geheg is, vir 'n lang ruk gebruik, word die muur agter of bo-op die TV moontlik verkleur, of die muurpapier kan los kom, afhangende van die materiaal van die muur.
- Indien die muurhegstuk afgehaal word nadat dit in die muur geïnstalleer was, sal daar skroefgate oorby.
- Moenie die Muur-monterraam op 'n plek gebruik waar dit aan meganiese vibrasies blootgestel word nie.

## Om ander toestelle te verbind


### Om met 'n HDMI-kabel te verbind



### Om met OV- saamgestelde kabels te verbind



### Om met komponentkabels te verbind



## beeld Kwaliteit

- OV- saamgestelde kabel
- Antenna-kabel
- Komponent-kabel
- HDMI-kabel



**SD**

Standaarddefinisie- (SD) video's het beeldseine met 'n vertikale resolusie van 480 (NTSC) of 576 (PAL/SECAM) lyne.

**HD**

Hoëdefinisie- (HD) video's het beeldseine met 'n vertikale resolusie van 720 of 1,080 lyne.

# Hoe om die TV op die muur te installeer

## Aan klante

Voldoende kundigheid word vereis om hierdie produk te plaas. Subkontraakteur die plasing aan Sony-handelaars of geïnsensieerde -kontraakteurs, en skenk genoeg aandag aan veiligheid gedurende die plasing. Sony is nie aanspreeklik vir enige skade of besering wat deur verkeerde hantering of onbehoorlike plasing of die plasing van iets anders as die gespesifiseerde produk veroorsaak word nie. Jou wettige regte (indien enige) word nie geëffekteer nie.

## Aan Sony-handelaars en -kontraakteurs

Voldoende kundigheid word vereis om hierdie produk te plaas. Lees hierdie instruksiehandleiding deeglik deur om die plasing veilig te kan doen. Sony is nie aanspreeklik vir enige skade of besering wat deur verkeerde hantering of onbehoorlike plasing veroorsaak word nie. Gee asseblief hierdie handleiding aan die klant ná plasing.


AF

Jou TV se tafelstander sal as deel van die muurhanghaak gebruik word.

### Let wel

- sien bladsy 2 (Veiligheidsinligting) en bladsy 5 (Voorsorgmaatreëls) oor MUUR-MONTEERRAAM voordat die Muurmonteerinstallering gedoen word.
- Indien die tafelstander aan die TV vasgeheg is, haal die tafelstander vooraf af.
- Plaas die TV met die skerm na onder op 'n plat, stabiele oppervlak waarop 'n dik, sagte doek lê wat groter is as die TV, wanneer u die stander aanheg of die tafelstander van die TV afhaal, om skade aan die oppervlak van die LCD-skerm te voorkom.
- Sodra die standernekke van die stander af afgehaal is, bewaar die standernekke en skroewe op 'n veilige plek.
- Wanneer u die tafelstander weer aanheg, maak die skroewe vas (wat voorheen verwyder is) in die oorspronklike gate aan die agterkant van die TV.

## Hoe om die Tafelstander van die TV af te haal




## Hoe om die hake op die muur te installeer

### 1 Berei nodige items voor.


#### Muurhanghaak-bykomstighede (verskaf)

Ⓐ Papiersjabloon




Ⓑ Muurhangbasis

KDL-50W807B,  
KDL-50W800B,  
KDL-50W700B (2)  
KDL-42W807B,  
KDL-42W800B,  
KDL-42/32W700B (1)



Ⓒ Staanderbeskermer

KDL-50W807B,  
KDL-50W800B,  
KDL-50W700B (2)  
KDL-42W807B,  
KDL-42W800B,  
KDL-42/32W700B (1)



Ⓓ Skroef (+PSW 6 × 12) (2)



Ⓔ Spasieerders (2)



Ⓕ Haakdopplaat

KDL-50W807B,  
KDL-50W800B,  
KDL-50W700B (2)  
KDL-42W807B,  
KDL-42W800B,  
KDL-42/32W700B (1)




Ⓖ Skroef (+PSW 4 × 10)

KDL-50W807B,  
KDL-50W800B,  
KDL-50W700B (2)  
KDL-42W807B,  
KDL-42W800B,  
KDL-42/32W700B (1)



#### Staander (verskaf)

Ⓗ




#### Skroewe vir muurhangbasis (8 mm in deursnee, nie voorsien)

KDL-50W807B, KDL-50W800B, KDL-50W700B (8)  
KDL-42W807B, KDL-42W800B, KDL-42/32W700B (4)


**2** Maak seker die muur het genoeg ruimte vir die TV en in staat is om 'n gewig van minstens vier keer dié van die TV te hanteer.

Raadpleeg die volgende tabel wanneer u die TV op die muur installeer. Kyk bladsy bladsy 15-17 (Spesifikasies) vir die TV se gewig.

**KDL-50W807B, KDL-50W800B, KDL-50W700B**



**KDL-42W807B, KDL-42W800B, KDL-42/32W700B**



Einheid: mm

Modelnaam KDL-	Skermafmetings		Skermmiddelpunt- afmetings	Lengte vir haakwerk	
	a	b	c	d	e
50W807B/ 50W800B/ 50W700B	1,116	656	130	469	118
42W807B/ 42W800B/ 42W700B	958	563	175	465	118
32W700B	729	433	188	413	113


**Let wel**

- Syfers in die tabel kan dalk effens wissel, afhangende van die installing.

**3** Maak 'n merk op die papiersjabloon (A) wat die middel van die skerm vir jou TV aandui.


**KDL-50W807B, KDL-50W800B, KDL-50W700B**

Skaal op papiersjabloon (A)




**KDL-42W807B, KDL-42W800B,  
KDL-42/32W700B**

Skaal op papiersjabloon (A)




**4** Plak die papiersjabloon (A) aan die muur en boor gate volgens die nommers op die papiersjabloon (A) met 'n elektriese boor.

**KDL-50W807B, KDL-50W800B,  
KDL-50W700B**




**KDL-42W807B, KDL-42W800B,  
KDL-42/32W700B**




**5** Verwyder die papiersjabloon (A) van die muur.

**6** Heg muurhangbasis (B) korrek aan die muur met gebruik van die skroewe (8 mm in deursnee, nie voorsien).

**KDL-50W807B, KDL-50W800B,  
KDL-50W700B**




**KDL-42W807B, KDL-42W800B,  
KDL-42/32W700B**



## Hoe om vir die installasie van die TV voor te berei


- 1 Haal die skroewe van die agterkant van die TV af. Bewaar die verwyderde skroewe op 'n veilige plek, en hou dit weg van kinders.




- 2 Steek die pen (op staanderbeskermer ©) in die gat op stander ④, en vou dan die staanderbeskermer © op. Bevestig dat die staanderbeskermer © stewig aan die stander ④ aangeheg is.

KDL-50W807B, KDL-50W800B, KDL-50W700B

KDL-42W807B, KDL-42W800B,  
KDL-42/32W700B




- 3 Heg stander ④ aan die TV met gebruik van verskafde skroewe ⑤. Heg spasiërders ⑥ in die gate wat deur die driehoekpunte aangedui word  $\Delta$ . KDL-50W807B, KDL-50W800B, KDL-50W700B word gebruik ter illustrasie.



## Hoe om die TV op die muur te installeer

- 1 Koppel en bind die kables saam voordat jy die TV op die muur installeer.
- 2 Installeer die TV op die muur. Maak daarna seker dat staanderbeskermer © stewig aan muurhangbasis ② vasgemaak is, en dat spasiërders ⑤ aan die muur raak. Heg haakdooplaat ⑥ vas met gebruik van verskafde skroewe ④.






## Afmetings van die gatposisies op die muur

Verskaf die volgende inligting aan die gelisenseerde kontrakteurs indien nodig.


Gebruik skroewe (8 mm in deursnee, nie voorsien) om muurhangbasis ② op die muur te installeer. Gebruik verskafde papiersjabloon ① wat die werklike posisie van die muurhangbasis ② wys, om installasie te vergemaklik.

**KDL-50W807B, KDL-50W800B, KDL-50W700B**



AF

**KDL-42W807B, KDL-42W800B, KDL-42/32W700B**



## Foutspeuring

### Wanneer die beligting-LED rooi flikker, tel hoeveel keer dit flits (intervaltyd is drie sekondes).

As die beligting-LED rooi flikker, stel die TV terug deur die muurpropkabel (WS) vir twee minute van die TV te ontkoppel, en skakel dan weer die TV aan.

As die probleem voortduur, kontak jou handelaar of Sony-dienssentrum en vertel hoeveel keer die LED-aanduider rooi flikker (intervaltyd is drie sekondes). Druk I/⏻ op die TV om dit af te skakel, ontkoppel die muurpropkabel (WS) en stel jou handelaar of Sony-versiensentrum in kennis.

### Wanneer die Beligting-LED nie flits nie, kontroleer die items as volg.

Jy kan ook [Probleemoplossing] in die i-Manual raadpleeg, of selfdiagnose uitvoer deur die volgende te kies: ? [Hulp] → [Kliënte-ondersteuning] → [Selfdiagnostiek]. As die probleem voortduur, laat jou TV deur gekwalifiseerde dienspersoneel versien.

## Probleemoplossing

### Daar is geen beeld (skerm is donker) en geen klank nie.

- Gaan die antena/kabelkoppeling na.
- Konnekteer die TV aan die kragpunt (WS) en druk I/⏻ op die TV of afstandbeheer.

### Sommige programme kan nie ingestel word nie.

- Kontroleer die antena (lugdraad).

### Die afstandbeheer funksioneer nie.

- Vervang die batterye.
- Jou TV kan dalk in Sinkro-modus wees. Druk **SYNC MENU**, kies [TV-beheer] en kies dan [Tuis (Kieslys)] of [Opsies] om die TV te beheer.

### Die [Sluiting deur Ouer] wagwoord is vergete.

- Voer 9999 in vir die PIN-kode. (PIN-kode 9999 word altyd aanvaar.)

### Die omgewing rondom die TV word warm.

- Wanneer die TV vir 'n lang tyd gebruik word, word die omgewing daar rondom warm. Dit kan dalk warm voel as jy dit met die hand aanraak.


### Gevriesde audio of video, 'n blanko skerm of die TV reageer nie op TV- of afstandbeheerknoppies nie.

- Doen 'n eenvoudige terugstelling van die TV deur die kragkabel (WS) vir twee minute uit te trek en weer in te prop.

### Kan nie die I/⏻, CH+/-, ▲/▼/◆/◆, ⏪, ⏩ en HOME knoppies op die TV kry nie.


- Kyk die illustrasie hier onder vir die ligging van die knoppies op die TV.

#### Agterkant van TV



### Die beligting-LED word aangeskakel.

- Indien jy nie wil hê dat die beligting-LED aan moet gaan nie, kan u dit afskakel. Druk **HOME**, en kies dan [Stellings] → [Stelsel-stellings] → [Algemene Opstelling] → [Beligting-LED] → [Af]. U kan ook **OPTIONS** druk en dan [Beligting-LED] → [Af] kies.



### Kan nie aan 'n koordlose roeteerder deur WPS koppel nie.

- As jy WEP-sekureiteit gebruik, kies [Maklik] → [Wi-Fi] → [Verbind met skanderinglys]. Kies dan die netwerk-naam (SSID) waaraan jy wil koppel.

### Kan nie die vereiste netwerk-naam in netwerk-opstelling vind nie.

- Kies [[Sleutel In Per Hand]] en druk ⊕ om netwerk-naam in te voer.

# Spesifikasies

## Stelsel

### Paneelstelsel

LCD (vloeiwarekristal-skerm)-paneel, LED-skermlig

### TV stelsel

Analoog: B/G, I, D/K, M, L

Digitaal: DVB-T/DVB-T2

### Kleur/video-stelsel

Analoog: PAL, SECAM, NTSC3.58, NTSC4.43

Digitaal: Verwys na die i-Manual

### Kanaaldekking

Analoog: UHF/VHF/kabel, afhangende van jou land/areakeuse.

Digitaal: UHF/VHF, afhangende van jou land/areakeuse.

### Klank-uitset

8 W + 8 W

### Draadlose tegnologie

Protokol IEEE802.11a/b/g/n

## Inset/Uitset-sokke

### Antenna/kabel

75 ohm eksterne terminaal vir VHF/UHF

### VIDEO IN 1

Video/Oudio-inset (RCA-sokke)

### COMPONENT IN

YPbPr (komponentvideo): 1080p (50, 60 Hz), 1080i (50, 60 Hz), 720p (50, 60 Hz), 576p, 576i, 480p, 480i

Oudio-inset (RCA-sokke)

### VIDEO IN 2

video inset (gewone RCA-pen met Y-inset)

### HDMI IN 1, 2, 3, 4 (net KDL-50W807B,

### KDL-50W800B, KDL-42W807B, KDL-42W800B)

Video (2D): 1080p (30, 50, 60 Hz), 1080/24p, 1080i (50, 60 Hz), 720p (30, 50, 60 Hz), 720/24p, 576p, 576i, 480p, 480i, rekenaarformate

Video (3D):

Raamverpakking: 1080p (30 Hz), 1080/24p, 1080i (50, 60 Hz), 720p (30, 50, 60 Hz), 720/24p

Sy aan Sy: 1080p (50, 60 Hz), 1080/24p,

1080i (50, 60 Hz), 720p (50, 60 Hz)

Oor-Onder: 1080p (30, 50, 60 Hz), 1080/24p,

1080i (50, 60 Hz), 720p (50, 60 Hz)

Oudio: 5.1-kanaal linière PCM: 32, 44.1 en

48 kHz, 16, 20 en 24 bits, Dolby Digital

OTK (Oudio-Terugkeerkanal) (net HDMI IN 2)

### HDMI IN 1, 2, 3, 4 (behalwe KDL-50W807B,

### KDL-50W800B, KDL-42W807B, KDL-42W800B)

Video: 1080p (30, 50, 60 Hz), 1080/24p,

1080i (50, 60 Hz), 720p (30, 50, 60 Hz),

720/24p, 576p, 576i, 480p, 480i, rekenaarformate

Oudio: 5.1-kanaal linière PCM: 32, 44.1 en

48 kHz, 16, 20 en 24 bits, Dolby Digital

OTK (Oudio-Terugkeerkanal) (net HDMI IN 2)

### MHL (in gemeen met HDMI IN 1)

(net KDL-50W807B, KDL-50W800B,

KDL-42W807B, KDL-42W800B)

Video (2D): 1080p (30 Hz), 1080/24p,

1080i (50, 60 Hz), 720p (30, 50, 60 Hz),

720/24p, 576p, 576i, 480p, 480i

Video (3D):

Sy aan Sy: 1080/24p, 1080i (50, 60 Hz), 720p (50, 60 Hz)

Oor-Onder: 1080p (30 Hz), 1080/24p,

1080i (50, 60 Hz), 720p (50, 60 Hz)

Oudio: 5.1-kanaal linière PCM: 32, 44.1 en

48 kHz, 16, 20 en 24 bits, Dolby Digital

### MHL (in gemeen met HDMI IN 1)

(behalwe KDL-50W807B, KDL-50W800B,

KDL-42W807B, KDL-42W800B)

Video: 1080p (30 Hz), 1080/24p, 1080i (50, 60 Hz),

720p (30, 50, 60 Hz), 720/24p, 576p, 576i, 480p, 480i

Oudio: 5.1-kanaal linière PCM: 32, 44.1 en

48 kHz, 16, 20 en 24 bits, Dolby Digital

### DIGITAL AUDIO OUT (OPTICAL)

Digitaal optiese sok (Tweekanaal-linière PCM, Dolby Digital)

### HDMI 3 AUDIO IN

Analoog oudio-inset (stereo-minisok)

### AUDIO OUT/

Oudio-uitset (stereo-minisok)

Oorfoon-sok

(ondersteun Subwoofer-uit)

### ψ1, ψ2 (behalwe Australië en Nieu-Seeland se model)

USB poort

### ψ1 (HDD REC), ψ2 (Net Australië en Nieu-Seeland se model)

USB-hardeskyftoestel-poort (net ψ1), USB poort

### DC IN 19.5 V

WS-passtuk-invoer

### LAN

10BASE-T/100BASE-TX-koppelaar (Afhangende van die werksomgewing van die netwerk kan koppelspoed wissel. 10BASE-T/100BASE-TX-kommunikasiekoers en kommunikasiegehalte word nie op hierdie TV gewaarborg nie.)

## Ander

### Opsionele bykomstighede

Afstandbeheer vir een-druk-funksie: RMF-ED003  
Aanraakblad-afstandbeheer: RMF-ED004  
kamera-en-mikrofoon-eenheid: CMU-BR200/  
CMU-BR100  
Koordlose laebasluidspreker: SWF-BR100  
MHL kabel: DLC-MB10/DLC-MB20/DLC-MC10/  
DLC-MC20/DLC-MC30  
Aktiewe 3D-bril: TDG-BT500A (net KDL-50W807B,  
KDL-50W800B)



Passiewe 3D-bril: TDG-500P (net KDL-42W807B,  
KDL-42W800B)



### Gebruikstemperatuur

0 °C – 40 °C

### Gebruikshumiditeit

10 % – 80 % RH (nie-kondenserend)

## Krag en ander

### Kragvereistes

19,5 V GS met WS-passtuk  
Gradering: Invoer 110 V - 240 V WS, 50/60 Hz

### Skermgrootte (diagonal gemeet) (Ongv.)

KDL-50W807B: 50 duim / 125.7 cm  
KDL-50W800B: 50 duim / 125.7 cm  
KDL-50W700B: 50 duim / 125.7 cm  
KDL-42W807B: 42 duim / 106.7 cm  
KDL-42W800B: 42 duim / 106.7 cm  
KDL-42W700B: 42 duim / 106.7 cm  
KDL-32W700B: 32 duim / 80.1 cm

### Skermresolusie

1,920 stippels (horisontaal) × 1,080 lyne (vertikaal)

### Kragverbruik

KDL-50W807B: 89 W  
KDL-50W800B: 89 W  
KDL-50W700B: 89 W  
KDL-42W807B: 80 W  
KDL-42W800B: 80 W  
KDL-42W700B: 80 W  
KDL-32W700B: 69 W

## Afmetings (Ongv.) (b × h × d)

### met tafelstaander

KDL-50W807B: 1,116 × 693 × 179 mm  
KDL-50W800B: 1,116 × 693 × 179 mm  
KDL-50W700B: 1,116 × 693 × 179 mm  
KDL-42W807B: 958 × 600 × 170 mm

KDL-42W800B: 958 × 600 × 170 mm  
KDL-42W700B: 958 × 600 × 170 mm  
KDL-32W700B: 729 × 465 × 141 mm

### sonder tafelstaander

KDL-50W807B: 1,116 × 656 × 64 mm  
KDL-50W800B: 1,116 × 656 × 64 mm  
KDL-50W700B: 1,116 × 656 × 64 mm  
KDL-42W807B: 958 × 563 × 64 mm  
KDL-42W800B: 958 × 563 × 64 mm  
KDL-42W700B: 958 × 563 × 64 mm  
KDL-32W700B: 729 × 433 × 64 mm

## Massa (Ongv.)

### met tafelstaander

KDL-50W807B: 14.8 kg  
KDL-50W800B: 14.8 kg  
KDL-50W700B: 14.8 kg  
KDL-42W807B: 11.7 kg  
KDL-42W800B: 11.7 kg  
KDL-42W700B: 11.7 kg  
KDL-32W700B: 7.9 kg

### sonder tafelstaander

KDL-50W807B: 13.6 kg  
KDL-50W800B: 13.6 kg  
KDL-50W700B: 13.6 kg  
KDL-42W807B: 10.5 kg  
KDL-42W800B: 10.5 kg  
KDL-42W700B: 10.5 kg  
KDL-32W700B: 6.9 kg

### Let wel

- Die beskikbaarheid van opsionele bykomstighede hang af van land/streek/TV model/voorraad.
- Ontwerp en spesifikasies is onderhewig aan wysiging sonder vooraf kennisgewing.
- Hierdie TV-stel sluit MHL 2 in.

## Notas oor digitale TV-funksie

- Enige funksies vir digitale TV (**DVB**) sal net werk in lande of gebiede waar DVB-T/DVB-T2 (MPEG-2 en H.264/MPEG-4 AVC) digitale landlangse seine uitgesaai word. Raadpleeg jou plaaslike handelaar of jy 'n DVB-T/DVB-T2-sein kan ontvang waar jy woon.
- Hierdie TV-stel voldoen aan DVB-T/DVB-T2-spesifikasies, maar versoenbaarheid met toekomstige DVB-T/DVB-T2 digitale landlangse uitsendings word nie gewaarborg nie.
- Sekere digitale TV-funksies is dalk nie in alle lande/gebiede beskikbaar nie.

## Handelsmerkinligting

- Die terme HDMI en HDMI High-Definition Multimedia Interface en die HDMI logo is handelsmerke of geregistreerde handelsmerke van HDMI Licensing LLC in die Verenigde State en ander lande.
- DLNA®, die DLNA logo en DLNA CERTIFIED® is handelsmerke, diensmerke of sertifiseringsmerke van die Digital Living Network Alliance.
- Manufactured under license from Dolby Laboratories.  
Dolby and the double-D symbol are trademarks of Dolby Laboratories.
- “BRAVIA” en BRAVIA is handelsmerke van Sony Corporation.
- TrackID is 'n handelsmerk of geregistreerde handelsmerk van Sony Mobile Communications AB.
- Gracenote, Gracenote eyeQ, Gracenote VideoID, Gracenote Video Explore, Gracenote MusicID, die Gracenote-logo en logoletters, en die “Aangedryf deur Gracenote”-logo is óf geregistreerde handelsmerke óf handelsmerke van Gracenote in die Verenigde State en/of ander lande.
- Opera® Devices SDK from Opera Software ASA. Copyright 1995-2014 Opera Software ASA. All rights reserved.
- Wi-Fi, Wi-Fi Direct en Miracast is handelsmerke of geregistreerde handelsmerke van Wi-Fi Alliance.
- “Sony Entertainment Network logo” en Sony Entertainment Network is handelsmerke van Sony Corporation.
- MHL, Mobile High-Definition Link en die MHL logo is handelsmerke of geregistreerde handelsmerke van MHL Licensing, LLC.
- Vir DTS-patente, kyk <http://patents.dts.com>. Vervaardig ingevolge lisensie van DTS Licensing Limited. DTS, die simbool en DTS en die simbool saám is geregistreerde handelsmerke, en DTS Digital Surround is 'n handelsmerk van DTS, Inc. © DTS, Inc. Alle regte voorbehou.
- Designed with UEI Technology™  
Under License from Universal Electronics Inc. Portions © UEI 2000 – 2013

- Die Bluetooth®-woordmerk en logo's word besit deur die Bluetooth SIG, Inc. en enige gebruik van sodanige merke deur Sony Corporation is ingevolge lisensie. Ander handelsmerke en handelsname is dié van hul onderskeie eienaars.









Ukwesekwa kwamakhasimende nokuxhumana:  
Kliënte-ondersteuning en kontak:

<http://www.sony-asia.com/support>

<http://www.sony.net/>

©2014 Sony Corporation Printed in Malaysia



4-488-786-35(1)